3/6/2008

/LVS

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

NOT REPORTABLE

**SAAKNO.: 33297/1999**

HAAL DEUR WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE
(1) RAPPORTEERBAAR: JA/NEE.
(2) VAN BELANG VIR ANDER REGTERS: JA/NEE.
(3) HERSIEN.

DATUM 3/6/08 ... HANDTEKENING

**In die saak tussen:**

| | |
|---|---|
| **NASIONALE AARTAPPEL KOÖPERASIE BEPERK** | **EISER** |
| **en** | |
| **PRICE WATERHOUSE COOPERS INCORPORATED** | **1STE RESPONDENT** |
| **HOEK & WIEHAHN** | **2de RESPONDENT** |
| **WIEHAHN MEYERNEL** | **3de RESPONDENT** |
| **PRICE WATERHOUSE MEYERNEL** | **4de RESPONDENT** |
| **PRICE WATERHOUSE** | **5de RESPONDENT** |

---

**UITSPRAAK**

---

**BOTHA, R:**

In hierdie deelsverhoorde saak is daar nou 'n dispuut oor wanneer die saak moet hervat.

Die dagvaarding is in Desember 1999 uitgereik.

Nadat die saak aanvanklik voor 'n ander kollega begin het, en 'n draai in die Hoogste Hof van Appèl gemaak het, het dit opnuut voor my begin in Oktober 2005. Na sowat 110 dae in die hof, met die eerste getuie, mnr Collett, nog onder kruisverhoor, is die verhoor gestaak omdat ek die eiser gelas het om sekuriteit te stel. 'n Appèl teen my bevel is in November 2007 afgewys. Die eiser het daarna uitstel tot 31 Maart 2008 verkry om sekuriteit te stel. Op 8 Mei 2008 is sekuriteit oplaas gestel.

Die eiser is nou begerig om so gou as moontlik met die saak voort te gaan en stel voor dat dit hervat aan die begin van die derde termyn (op 6 Oktober 2008) of laatstens aan die begin van die eerste termyn van 2009 (op 2 Februarie 2009).

Die verweerder het die probleem dat sy leier advokaat, mnr Van der Linde intussen opdrag ontvang het in 'n saak tussen Senwes en die einste verweerder in hierdie saak. In daardie saak tree die verweerder se prokureurs ook namens die verweerder op. Nie net is dieselfde firma betrokke nie, maar dieselfde prokureur wat hierdie saak hanteer, hanteer ook die Senwes saak.

Die Senwes saak het aanvanklik in die Hooggeregshof gedien, maar dit is na 'n arbiter verwys.

Die verweerder het probeer om die arbitrasie uitgestel te kry, maar sonder sukses.

Die verweerder stel voor dat hierdie saak hervat aan die begin van die derde termyn van 2009 (op 27 Julie 2009). Op daardie stadium sal mnr Van der Linde na verwagting nog met die Senwes saak besig wees. (Hy is gereserveer tot 31 Oktober 2009). Die verweerder stel voor dat 'n reëling wat ek gemaak het dat sy ander senior advokaat, mnr Barrie, debiteure mag kruisverhoor, effens verslap word sodat mnr Barrie op 27 Julie 2009 met die kruisverhoor oor debiteure kan begin.

Die reëling wat ek gemaak het was dat mnr Barrie die getuie Collett oor sekere onderwerpe mag kruisverhoor mits mnr Van der Linde in die hof teenwoordig is.

Ek sou in beginsel nie teen so 'n verslapping beswaar hê nie. Die vraag is egter of dit billik is om die saak so lank te laat wag en in effek voorkeur aan die Senwes saak te gee.

Die verweerder wys daarop dat die saak vanweë die versuim van die eiser om sekuriteit te stel vir 18 maande vertraag is.

Daar word aangevoer dat die verweerder se advokate geregtig was om ander werk te aanvaar.

Die hof word daaraan herinner dat daar in die aansoek om sekuriteit af te dwing aangevoer is dat die eiser nie in staat sou wees om sekuriteit te stel nie.

Mnr Maritz SC, wat met mnr Alberts SC namens die eiser verskyn het, het betoog dat dit altyd moontlik was dat hierdie saak sou hervat en dat enige ander opdragte wat die verweerder se advokate aanvaar het onderhewig aan dié moontlikheid moes gewees het. Ek stem saam dat dit altyd moontlik was dat hierdie saak kon hervat. Dit was die veronderstelling van my uitspraak. Dan was daar eenvoudig die moontlikheid dat die appèl teen my bevel kon slaag.

Mnr Maritz het betoog dat die nie-beskikbaarheid van advokate nie in die weg kan staan van die terrolleplasing van 'n saak nie. Hy het verwys na **d'Anos v Heyton Court (Pty) Ltd 1950(1) Sa 324 K op 335**. Dit is so, maar ek sou byvoeg dat in die geval van 'n deelsverhoorde saak, veral een wat omvangryk is en al 'n paar termyne geduur het, sou 'n party 'n sterker aanspraak hê om daarop aan te dring dat hy die saak met dieselfde advokate kan voortsit.

Die feit dat hierdie `n deelsverhoorde saak is, en die omvang en duur daarvan, maak dit des te meer noodsaaklik, uit `n oogpunt van billikheid, dat dit so spoedig moontlik hervat en afgehandel word. Dit is in die belang van albei partye dat getuienis wat tans beskikbaar is, voor die hof geplaas word voor dit dalk nie meer beskikbaar is nie.

Waar ek die aanspraak van die verweerder erken om die verhoor met dieselfde advokate voort te sit, het ek `n probleem met sy aandrang daarop dat die Senwes saak bo hierdie saak voorkeur moet kry. Daardie saak is nie `n deelsverhoorde saak nie. Alhoewel ek aanvaar dat die verweerder `n belegging in mnr Van der Linde gemaak het, en dat dit `n verkwisting van koste sal meebring om hom te vervang, is ek van oordeel dit fisies moontlik is om hom vervang. Op die vlak van prokureur mag die verweerder groter probleme hê, maar selfs daar behoort dit binne die vermoë van die verweerder se prokureurs te wees om albei sake te laat oorvleuel. Dit sal op die ou end `n probleem van mannekrag en organisasie wees.

Tot die mate dat dit vir die verweerder onmoontlik was om `n uitstel van die Senwes saak te kry, is die feit dat die verweerder sover nog nie sy opponent in daardie saak, en die arbiter, met die voldonge feit van `n hofbevel kon konfronteer nie.

Wat ook al die posisie mag gewees het van ander kliënte wat die dienste van die verweerder se advokate en prokureurs bekom het, kon daar nooit by Price Waterhouse Coopers enige illusies gewees het oor wat kan gebeur as die eiser in hierdie saak sekuriteit kan stel nie.

Op die keper beskou wil die verweerder hê dat die lot van hierdie saak bepaal moet word suiwer aan die hand van wat vir hom gerieflik is. Daar is egter ook die belange van die eiser en die regspleging wat ter sprake kom.

Ek kan nie insien hoe die verweerder daarop kan aandring dat `n ander saak waarin hy ook die verweerder is, voorkeur bo hierdie saak moet hê nie.

Ek kan insien dat die verweerder daarop kan aandring dat hy hierdie saak voltooi met behoud van die dienste van mnr Van der Linde. Ek kan nie insien hoe hy daarop kan aandring dat mnr Van der Linde eers 'n ander saak vir hom moet waarneem nie.

By 'n oorweging van al die omstandighede is en nie bereid om 'n reëling te tref wat die verweerder sal in staat stel om die Senwes saak voor hierdie een aan te pak nie.

Soos ek dit sien moet die verweerder se advokate hulle beskikbaar maak onder ander deur opdragte af te gee, ook die Senwes saak desnoods, sodat hierdie saak so spoedig moontlik kan hervat. Ek aanvaar dat die verweerder se advokate tyd nodig het om reëlings te tref om hulle los te wikkel van ander opdragte en dat hulle ruim tyd nodig het om hulle voor te berei vir die hervatting van hierdie saak. Ek aanvaar ook dat die verweerder se prokureur tyd nodig het om mnr Van der Linde te vervang en om hom voor te berei op die moontlikheid dat hierdie saak en die Senwes saak mag oorvleuel.

Onder die omstandighede sal ek gelas dat hierdie saak moet hervat op 2 Februarie 2009.

Dit sal billik wees as die koste van hierdie verrigtinge koste in die geding is.

**Die volgende bevel word gemaak:**

1. **Hierdie verhoor moet hervat op 2 Februarie 2009.**
2. **Die koste van hierdie verrigtinge sal koste in die geding wees.**

C BOTHA

REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF